GIMMIE-NUUS

LANGENHOVEN GIMNASIUM OUDTSHOORN

Privaatsak X611 Tel. 044 272 2151/2 Faks 044 272 6254
e-pos admin@lgim.co.za Web: www.langenhovengim.co.za

UITGAWE 32/2021 GIMMIES VIR UITNEMENDHEID 12 November 2021

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers, Personeel en Leerlinge

Hierdie is ons voorlaaste amptelike nuusbrief van die jaar. Dit klink net nie moontlik nie, maar beteken ook dat ons op pad is om ‘n vreemde jaar af te sluit. ‘n Jaar met baie onsekerhede, maar ook ‘n jaar waarin ons baie waardevolle lewenslesse kon leer. Ook weereens bewys dat ons mensdom geweldig aanpasbaar is, ook ‘n bewys van ons elkeen se vasberadenheid en ons veerkragtigheid. In retrospek, wat het ons van onsself geleer?

Die woord “deug” het my gedurende hierdie week opnuut geïnteresseer, my tot ‘n gesprek met ‘n jonger kollega gelei en gewonder of ons kinders bewus is van hierdie pragtige woord en sy betekenis. ‘n Uitdrukking soos: hierdie is ‘n jongman/dame met baie goeie deugde. Is dit nie juis wat ‘n werkgewer in iemand soek nie? Is ons jongmense daarvan bewus hoe hard ons moet werk aan ons goeie kwaliteite, om ons eendag onmisbaar in ‘n werksopset te kan maak.

Ons het mev. Maloney genooi om met al ons leerlinge oor angs en vrees te praat met die oog op die finale eksamen. Toets u kind se luistervermoë en vra hulle hieroor uit. Dis opnuut goed om vanuit ‘n ander bron te verneem dat dit reg is om ‘n bietjie bang te wees vir die onbekende, dit maak jou gereed vir die onverwagte.

Baie voorspoed aan al ons leerlinge met die komende belangrike eksamen. Doen baie moeite, leer met aandag en konsentrasie, hou by ‘n uitgewerkte beplanningsprogram, plak dit op waar jy studeer, oefen ook jou liggaam sodat jou brein maksimaal kan funksioneer. Toets jou kennis nadat jy geleer het, sodat jy die volgende dag die eksamen met selfvertroue kan aanpak.

Moedig u kinders aan om die onderwysers gedurende die eksamen by die skool te raadpleeg indien daar enige werk is wat hulle nie bemeester kry nie. Ons CAMI-program word baie getrou bygewoon. Die leerlinge betrokke sal ongetwyfeld daarby baat.

Die leerlinge ontvang hulle rapporte op Woensdag 15 Desember by die skool in die vierkant. Die tyd sal later met u gekommunikeer word.

Geniet u naweek en baie sterkte aan al ons leerlinge met julle eksamen. Ons matrieks verdien spesiale aanmoediging en ondersteuning. Neem ook kennis dat die matriekuitslae op Vrydag 21 Januarie om 11:00 in die skoolsaal bekend gemaak sal word.

Vriendelike groete.

Stephanus Potgieter

1. BELANGRIKE DATUMS

Vrydag 12 November: Dag 3
Tuisnaweek
Personeelafskeidfunksie

Saterdag 13 November:
Tuisnaweek
o/19-krieket teen Bridgton RPC (T)

Sondag 14 November:
Tuisnaweek

Maandag 15 November:
Eksamen begin vir gr. 10 en 11
Skooltye gedurende eksamen: 07:15 – 12:15
Matrieks:
09:00 – 12:00: Fisiese Wetenskappe Vr. 2 (Chemie)
09:00 – 10:30: Tegniese Wetenskappe Vr. 2
14:00 – 17:00: Ingenieursgrafika en Ontwerp Vraestel 2

Dinsdag 16 November:
Matrieks:
09:00 – 11:30: Engels Eerste Addisionele Taal Vraestel 2
Engels Huistaal Vraestel 2
14:00 – 17:00: Siviele Tegnologie

Woensdag 17 November:
Eksamen begin vir gr. 8 en 9
Matrieks:
09:00 – 11:00: Rekeningkunde Vraestel 1
14:00 – 17:00: Geografie Vraestel 2

Donderdag 18 November:

Vrydag 19 November:
Matrieks:
09:00 – 11:30: Lewenswetenskappe Vraestel 1
14:00 – 17:00: Ontwerp

Saterdag 20 November:

Sondag 21 November:

2. VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende leerders wat gedurende die week verjaar. Mag julle 'n wonderlike nuwe lewensjaar hê.

12 November: Lochner Pretorius
Carol-Ann Borcherds
13 November: Dhino Lottering
Drian Harteveld
Cleo Andries
14 November: Neil Janse van Rensburg
15 November: Louis Potgieter
Louis Venter
Marco Joubert
16 November: Cowan Lukas
Joshua Pretorius
Bernard Smit
17 November: Ianthé Avontuur
18 November: Tiffany Jafta
Chrislynne September

3. KOMMUNIKASIE: *D6 SCHOOL COMMUNICATOR:*

Ons wil alle ouers aanmoedig om asseblief die *communicator* af te laai.
http://www.d6technology.com/download/school/5500

Ons plaas alle relevante inligting op die *communicator*.

4. UITSLAE

SKOPBOKS

Janique Meyer het die afgelope naweek aan haar eerste skopboks klub-kampioenskappe deelgeneem en uitstekend gedoen. Sy het 'n goue- en silwermedalje verwerf.

ATLETIEK

Die Gimmie-atletiekspan het Donderdag 4 November 2021 aan die Punt Blitsbyeenkoms op Mosselbaai deelgeneem en uitstekend presteer.

Ons atlete spog met vyf-en-dertig podiumplekke! 9 eerste plekke,13 tweede plekke en 13 derde plekke.

Dogters o/14:
Dané Hugo – 3de plek in gewigstoot
Anika Graham – 3de plek in diskus
Esti Hugget – 1ste plek in 800m

Seuns o/14:
Christo Willeman – 3de plek in verspring
Vincent Botha – 2de plek in verspring

Wildré van Zyl – 1ste plek in diskus, 2de plek in spiesgooi en gewigstoot

Dogters o/15:
Chanelle Bester – 2de plek in 800m
Anel van Tonder – 3de plek in 800m
Rouxlé van der Westhuizen – 3de pek in spiesgooi
Megan Terblanché – 3de plek in verspring

Seuns o/15:
Brent Grassow – 1ste plek in 100m en 2de plek in 200m
Josh Jumaar – 1ste plek in 200m en hoogspring
Conrad van Wyk – 1ste plek in hoogspring, 2de plek in verspring en 800m
Aidan Serfontein – 1ste plek in 400m en 3de plek in 800m

Dogters o/17:
Marlie Ellis – 1ste plek in diskus, 2de plek in gewigstoot en 3de plek in hamergooi
Mia Hugget – 3de plek in 800m
Emma van der Westhuysen – 3de plek in 200m
Jeanie du Plessis – 3de plek in 100m
Christelle Visagie – 1ste plek in verspring, 2de plek in spiesgooi en diskus

Seuns o/17:
Tyron-Lee Anries – 1ste plek in 800m
Zander Graham – 2de plek in diskus, 3de plek in gewigstoot en spiesgooi
Kian Snyman – 2de plek in gewigstoot